

GEOPENBAAR

deur Tony Alamo

“Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ’n mens [‘n tipe man – ‘man van sonde’¹]; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig” (666) (Op. 13:18—Joh. 6:66).

DIE GETAL IN JOHANNES 6:66 IS NIE TOEVAL NIE

Die definisie van ’n Antichris word in die Evangelie van Johannes 6:66 gekry: “Hieroor **HET BAIE VAN SY DISSIPELS** [dissipels van Jesus] **TERUGGEGAAN EN NIE MEER SAAM MET HOM GEWANDEL NIE.**”

Die Apostel Johannes verklaar hierdie waarheid weer in 1 Joh. 2:18-19: “Kinders, dit is die laaste uur [die eindtyd]; en soos julle gehoor het dat die **ANTICHRIS** kom, bestaan daar ook nou **BAIE ANTICHRISTE**, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. **HULLE** [voormalige Christene] **HET VAN ONS UITGEGAAN**, maar hulle was nie van ons nie, want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.” In hierdie gedeelte het die voormalige dissipels van Johannes dieselfde godslastering gepleeg as die dissipels van Christus wat in **JOHANNES 6:66 “TERUGGEGAAN HET EN NIE MEER SAAM MET [DIE HERE] GEWANDEL HET NIE.**” Hierdie gedeelte wys dat 666 “die getal van ’n mens” is, die soort mens wat afvallig raak van Christus, weggaan van God af, en een van die baie anti-Christenlede word van die liggaam van Satan wat die Dier genoem word.

Satan se strategie is dat jy vir ’n antichris in ’n ander mens as jouself sal begin soek. Die apostel Johannes sê: “Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën” (1 Joh. 2:22).

GEKOSE LIGGAME

“Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom vernietig; want die tempel van God is heilig, en dit is julle” (1 Kor. 3:16-17).² God se Woord sê: “Jesus

Christus is in julle – tensy julle verwerplik is!” (II Kor. 13:5).

Judas, wat Christus verraai het, was eens ’n apostel wat die werke van Christus gedoen het. Hy het die evangelie verkondig, vir die siekes gebid, God geloof; maar toe word hy ’n goddelose antichris, “die seun van die verderf,” (Joh. 17:12) “die mens van sonde,” (II Thes. 2:3), ’n lid van die Dier met die getal 666 toe “die Satan in hom ingevaar” het (Joh. 13:27).

Dit was Johannes wat gevra het, terwyl hy op die bors van Jesus gelê het: “Here, wie is dit?” (Joh. 13:25), en toe al die openbarings van Jesus met betrekking tot wie dit was wat hom sou verraai, die openbaring van 666, “die mens van sonde,” en die “seun van die verderf”, toe later Rome, “die dier,” “die groot hoer,” die “moeder van hoere,” en die hele boek van Openbaring. Die naam “Antichris” verskyn slegs 5 keer in die hele Bybel en net in die geskifte van die apostel Johannes.

Daniël het teenoor vele hierdie soort mens voor spel, “die mens van die sonde” wat die Dier met die 666-getal in die laaste dae, net voor Christus se tweede koms sal aanneem. “... hy [Satan] sal teruggaan en ag gee **OP** [begrip hê vir] **DIE WAT DIE HEILIGE VERBOND VERSAAK HET** [afvallig raak van Christus]” (Dan. 11:30). Die Heilige verbond wat God en Christene sou nakom word hier verduidelik: “Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees” (II Kor. 6:16).

Wanneer Christene hierdie verbond verbreek, vind Mattheus 12:44-45 plaas. Jesus vertel vir ons van die onreine gees wat hardop dink: “Ek [Satan] sal teruggaan na my huis [die menslike liggaam] waar ek uitgegaan het.” Jesus gaan voort, “En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hyself

¹ 2 Thes. 2:3, Joh. 17:12 ² 2 Kor. 6:16, 1 Kor. 6:19, Ef. 2:22, 1 Pet. 2:5

met hom saam, en hulle kom in [die voormalige Christen se liggaam] en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bouse geslag” (Matt. 12:44-45).

Baie heilige geskryfte bewys dat God voorkennis gehad het van die eindtyd en van die groot afvaligheid van die baie Judas-antichriste, diegene wat die Woord van God gehoor het, die ewige lewe ontvang het, dit verwerp het, die Heilige verbond verbreek het, en Satan volg.

“En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.” (II Thes. 2:11-12).

“Krag van die dwaling” (*heavy delusion* in Engels) word deur die Webster-woordeboek gedefinieer as “geestelike versteurdheid”, “hallusinasies”, “fout” tot by die punt waar hulle die leuenagtige hallusinasies van hulle eie foute glo. Is dit nie hoe die wêreld vandag is nie?

Die sonde wat hulle gepleeg het, is godslastering teen die Heilige Gees, wat die grootste sonde en die onvergeeflike sonde is – dit sal nie in hierdie wêreld of in die toekomstige wêreld vergewe word nie (Matt. 12:32). Hulle verkies dat Satan se korrupte gees in plaas van die Here se Heilige Gees in hulle liggame woon, “en die bloed van die testament waardeur hy [die voormalige Christen] geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het” (Heb. 10:29). “En omdat hulle [voormalige Christene] dit nie die moeite werd geag het om **GOD IN ERKENTENIS TE HOU NIE** [om hulle verbond met God te onderhou nie], het God hulle oorgegee aan ’n slegte gesindheid” (Rom. 1:28). “Omdat wat van God geken kan word, in hulle geopenbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar ... sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel **HULLE GOD GEKEN HET** [net Christene kon God geken het], Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister” (Rom. 1:19-21). Jesus het gesê: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Matt. 24:4-5).

Christene wat nog nie met ’n sterk vrees vir God gevul is nie, verstaan nie die diepte van die heilige skryfte nie, die wete dat die Dier doodeenvoudig miljoene antichriste is nie. Christene het verwag dat die vals profete van die eindtyd waarvan Jesus gepraat het as pastore, priesters en leraars moet verskyn, maar nooit as lede van die rolprent- en televisiebedryf nie. Satan se boodskappers is akteurs, aktrises, opnamekunstenaars, aanbieders van geselsprogramme, “die kenners”, lede van die geestelike stand, vals kerke, en amptenare van al vier vertakkinge van die regering, waarvan die vierde die nuusmedia is. Wie sou vals profete in die onderwysstelsel verwag? En wie sou verwag dat ouers hulle kinders sou toelaat om van antieke, satanistiese, okkultiese filosofieë, swartkuns en hekserie – Satan se wysheid in plaas van praktiese en etiese kennis, te leer? Rolprente en televisieprogramme, koerante, tydskrifte en boeke word gebruik om te demonstreer hoe om immoreel te wees, hoe om ’n anti-Christen te wees, hoe om godslasterlik teenoor die Heilige Gees op te tree, hoe om die eenwêreldgeloof te bevorder en om ware Christenskap te verneder.

Is dit dan ’n wonder dat God hierdie Romeinse, eenwêreldregeringskultus “die dier”³, “die groot hoer”⁴, en “Jesebel”⁵ noem en diegene wat daarby betrokke is, “antichristene”⁶ en “onreine geeste”⁷ noem? Die Rooms Katolieke eenwêreldregeringskultus “wat haarself ’n profetes noem, toelaat om te leer en my [Christus se] diensknegte te verlei om te hoereer [om antichriste te word] en afgodsoffers te eet”, met ander woorde, om die Antichris se leerstellings en dade in plaas van Christus s’n te leer (Op. 2:20).

Die Apostel Paulus waarsku: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie: want daardie dag sal nie kom nie [die tweede koms van Christus], **WANT EERS MOET DIE AFVAL KOM** en die **MENS VAN SONDE** geopenbaar word, **DIE SEUN VAN DIE VERDERF** [vele Judas Iskariots, wat afvallig geword het en die Dier se eenwêreldregeringskultus aankleef], die teëstander wat hom [beide] verhef bo alles wat God genoem word of ’n voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God [die liggame van voormalige dissipels van Christus] as God sal sit en voorgee dat

hy God is” (die God van Christus se voormalige dissipels) (II Thes. 2:3-4). Dit sal voortgaan “totdat hy uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregte [Satan en sy anti-Christvolgelinge] geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak ... omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.” (II Thes. 2:7,8,10). Hierdie voormalige dissipels het hulle hele korrupte hart, siel, verstand en krag – mag – vir die Dier gegee. “en aan hom [die Dier] is mag gegee” (Op. 13:5). Hulle word die vyand van Christus en Sy kerk.

Hierdie antichriste doen alles wat hulle kan om die Here se werk te ondermyn. Satan gebruik die kennis wat hulle nog van die heilige geskifte het om die heilige geskifte te verdraai en ware Christene te verraaï deur valse getuies teen hulle te wees in wêreldhowe. Hierdie verraad is bedoel om die kerk te vernietig net soos Judas se verraad Christus na die kruis gestuur het.⁸

Johannes het deur die Heilige Gees gesê: “Hy wat sê, Ek ken Hom – en sy gebooië nie bewaar nie – is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (I Joh. 2:4). Jesus het gesê: “Wie my gebooië het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet” (Joh. 14:21).

God gee vir elke mens ’n vrye WIL om te kies of hulle Christus of die Antichris wil dien. Daar is geskryf: “Want as ons OPSETLIK sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het [Christene geword het], bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie [geen vergifnis vir sondes nie]” (Heb. 10:26). “Want die toorn van God word van die hemel af [deur Sy Woord] geopenbaar [gekommunikeer] oor AL DIE GODDELOOSHEID EN ONGEREGTIGHEID van die mense wat in ongeregtheid die waarheid [die Woord van God] onderdruk” (Rom. 1:18). Hulle beloning is “maar ’n verskriklike verwagting van oordeel en ’n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer” (Heb. 10:27). “Aan My kom die wraak toe, EK SAL VERGELD, spreek die Here” (Rom. 12:19). “Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God” (Heb. 10:31).

Die wêreld staan tans in die vallei van besluitneming, om te besluit of hulle Christus of die Antichris moet dien. Baie mense het hulle besluit jare

gelede geneem. Dit is voor die hand liggend met die hedendaagse ywerige Rooms Katolieke, een-wêreldregeringsrebellie teen God en God se mense, en die geestelike weerstand wat ware Christene teenoor Satan, sy regering, sy hoerbruid en elke antichristelike, Satangevulde persoon openbaar. Die oorlog van Armageddon is die oorlog tussen God en Satan vir die menslike siel. Hierdie oorlog eindig wanneer Satan en sy antichristvolgelinge in die vuurpoel gegooi word (Op. 19:20). Tot dan gaan die geestelike oorlog voort.⁹ God en Satan is op hierdie oomblik besig om na jou liggaam te soek waar die een of die ander geestelik kan inwoon. God se verbond is met diegene wat Sy Seun volgens Sy voorwaardes aanvaar, met diegene wat al Sy gebooië hoor en dit onderhou.

Slegs Christus het die mag om jou ewige siel met die Vader te versoen, sodat jy die geestelike tempel van God, die liggaam van Christus kan wees, sodat jy die vreugde van ewige lewe en die seëninge wat in God se verbond genoem is, kan besit.¹⁰ Dit is die belangrikste besluit wat jy ooit sal neem: ’n ewigheid in die Hemel of ’n ewigheid in die Hel.

GOD IS STEEDS GENADIG TEENOR DIEGENE WAT NIE TEENOR DIE HEILIGE GEES GELASTER HET NIE

Christene, as jy jou eerste liefde (die ywer om Christus te dien) verlaat het, gee Jesus jou jou laaste kans om terug te keer na die Vader toe voordat dit te laat is. Ontvang hierdie aanbod in erns en wees dankbaar dat jy ’n geestelike oor het om te hoor, of God sal Self vir jou hewige delusies stuur en ’n goddelose verstand sodat jy ’n leuen glo. “Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke, anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. [Christus sal Homself verwyder, uit Sy tempel uit, bedoelende jy!!] ... Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê [die tempels van God]” (Op. 2:5, 7).

Op hierdie oomblik staan Jesus deur die Heilige Gees by die deur van jou hart en klop dat jy dit moet oopmaak sodat Hy kan inkom. Jesus sê: “As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.” (Op. 3:20). Bid hierdie gebed tot

⁸ Op. 17:6 ⁹ “want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp” (2 Kor. 10:4). ¹⁰ Deut. 28:1-14

God die Vader. Maak die deur van jou hart oop vir die ewige lewe deur Christus:

My **HERE** en my **GOD**, wees my, **sondaar, genadig**.¹¹ Ek glo dat **JESUS CHRISTUS** die **SEUN** van die lewende **GOD** is.¹² Ek glo dat **HY** dood is aan die kruis en **SY** kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹³ Ek glo dat **GOD JESUS** uit die dode opgewek het deur die krag van die **HEILIGE GEES**,¹⁴ en dat **HY** op hierdie oomblik aan die regterhand van **GOD** sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.¹⁵ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi **U** in my hart in, **HERE JESUS**.¹⁶ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat **U** in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.¹⁷ **U** sal my nie wegwys nie, **HERE JESUS**; **U** sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want **U WOORD**, die **Bybel**, sê so.¹⁸ **U Woord** sê dat **U** niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.¹⁹ Daarom weet ek dat **U** my gehoor het en ek weet dat **U** my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁰ Ek dank **U**, **HERE JESUS**, dat **U** my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos **U** beveel en nie meer te sondig nie.²¹

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die **VADER** en die **SEUN** en die **HEILIGE GEES**.²² Bestudeer die 1953-vertaling van die Afri-

kaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.²³

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat **JESUS** beveel, moet dan nie vir **GOD** beroof van **SY** tiendes en offerhandes nie. **GOD** het gesê: “Sal n mens werklik vir **GOD** beroof? Tog beroof julle **MY**. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons **U**?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds n vloek op julle en tog bly julle **MY** beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in **MY** huis [siele gered kan word], en toets **MY** hierin, so sê die **HERE**, **DIE ALMAGTIGE**. Toets **MY** of **EK** nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. **EK** sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die **HERE**, **DIE ALMAGTIGE**. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in n begeerlike land woon, so sê die **HERE VAN DIE LEËRSKARE**” (Mal. 3:8-12).

11 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 12 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 13 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 14 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 15 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 16 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 17 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 18 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 19 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 20 Heb. 11:6 21 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 22 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 23 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word n werker in die oes van siele deur n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg 1993, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer 1993, 2014

AFRIKAANS—UNVEILED